Sondag **2 Junie**
**Skrifgedeelte: Genesis 41:1-56**
**Fokusgedeelte: Genesis 41:38**
**Die gawes van die Gees maak my effektief in die wêreld**
Die HERE roep en rus toe. Josef se toerusting het al begin in sy kinderdae met die drome wat hy gehad het. Hy word bekend in die tronk as hy daar die drome van die bakker en skinker korrek uitlê. Dit is duidelik dat die Gees van God in hom was. In Efesiërs 4:12 beteken die woord "toerus" om af te rig, te oefen of om effektief te wees. Hierdie effektiwiteit waarmee die Gees vir Josef toerus, kom na vore in die droom van die farao wat hy kon uitlê, maar ook in die bestuursvaardighede wat hy sou benodig om die groot taak aan te pak om voldoende voorraadskure te bou en graan te berg voor die sewe jaar van groot droogte en hongersnood wat sou kom. Hier sien ons die Heilige Gees wat die bron van alle buitengewone gawes en kragte is, aan die werk.
Wanneer ons as reformatoriese Christene aandag vra vir die gawes van die Gees in die gemeente en in ons persoonlike lewe, moet ons nie die fout van die charismatiese beweging maak nie. Hulle begin by die Heilige Gees. Hoe werk die Gees van God? Die groot hervormer Calvyn het diep nagedink oor die vraag waar ons die gawes van die Gees in die gemeente moet soek. Hy begin met die baie belangrike opmerking dat ons nie by die Gees nie, maar by Christus moet begin. Christus moet deur die geloof in ons harte woon. Dan sal Hy ons meedeel wat Hy van die Vader ontvang het, naamlik die Gees en sy gawes (Inst. 3.1.1). Dus: by ons soek na die gawes van die Gees in die gemeente en by lidmate is dit van die hoogste belang dat ons wedergebore is, innerlik nuut gemaak is deur die werking van Woord en Gees.
Ons vertrekpunt is dat elke gelowige 'n gawe van die Gees ontvang het. Waar Jesus deur middel van die Heilige Gees woning maak by die gelowige, kom die Gees nooit alleen nie. Hy bring sy gawes saam. Daar is dus in 'n gemeente met gelowiges 'n groot potensiaal aan gawes wat aan elkeen geskenk word om mekaar toe te rus vir hulle dienswerk (Ef. 4:12).
Sing: Psalm 8-1:4-5; Psalm 78-1:25
Ds. PA (Peet) Coetzee (Emeritus)